Omgeegroepe
Ons gee om.



# Die kruiskrag van God

*1 Kor 1:18-31*

[18]Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons
wat gered word, is dit die krag van God. [19]Daar staan tog geskrywe:
"Die wysheid van die wyses
sal Ek vernietig,
en die geleerdheid
van die geleerdes
sal Ek tot niet maak."
[20]Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim
woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? [21]Dit was die
bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom
nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié
te red wat glo. [22]Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid, [23]maar ons verkondig
Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, [24]maar vir dié
wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van
God. [25]Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en
wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.
[26]Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense
was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. [27]En
tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld
swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, [28]en wat vir die wêreld sonder aansien of
betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. [29]Voor God het
geen mens dus iets om op te roem nie. [30]Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus
verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en
die verlossing. [31]Daarom, soos daar geskrywe staan:
"Dié wat wil roem,
moet in die Here roem."

**Die kruiskrag van God oortref alle ander kragte**



**Die kruiskrag van God:**
**1 Bewerk redding vir ons (18-21)**
**2 Laat ons God ken (soos Hy is) 22-25**
**3 Laat ons God se uitverkiesing beleef (26-28)**
**4 Maak ons dankbare mense (29-30)**

## Saam-praat

**1 Watter fasset oor die kruiskrag van God was vir jou 'n nuwe of herontdekking ?**

**2 Hoe dink jy kan ons meer maak van hierdie kruiskrag van God in ons lewe ?**

**3 Watter waarheid in hierdie gedeelte bring 'n lied in jou hart ?**